

# PRO

# VERITATE

## INHOUD/CONTENTS

„Die Ware Jakob”	1
’n Belydenis vir ons Eie Tyd	1
Editorial/Inleidingsartikel	5
Die Barmenverklaring van 1934	7
Die Kerk buite Suid-Afrika	8
Christelike Vrymanskap — Liberalisme?	9
Letters/Briewe	12
Dr. J. D. Vorster and the Christian Institute	13

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA—CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

January 15 Januarie 1966

5c

Intekengeld R1 Subscription

Jaargang IV, Nr. 9.

Volume IV, No. 9

By die Hoofskantoor as Nuusblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper.

# „DIE WARE JAKOB”

DR. CALVIN COOK

Men are saved when they turn from their hunt for provision to trusting the Providence of God. This change from provision to Providence is our theme today.\* We find it exemplified in the patriarch Jacob and in his anonymous descendant, the woman at the well of Sychar. Man's attempts to provide for himself are not only the basis of his politics; because he has not been able always to do this to his own satisfaction, they have from earliest times also been the source of his religion. When God teaches man to know and to trust his providence, that is to know God's provision as gracious, so he changes also not only the basis of his religion, but of his politics as well. The crucial question for man therefore is whether he comes to know and knowing, to trust the Providence of God. But this is not only the crucial question: the answer of the cross is that he can and must.

## SINCERITY OR OPPORTUNISM?

Take Jacob first. Behind him burn the fires of a cheated brother's resentment. Ahead, a future in which all is darkly uncertain. Nor is the present safe: he finds himself terrified by a vision of the presence of God: a God whom he has not yet come to trust as his own. God of his fathers, but not yet his. Thus hedged about, he proposes a covenant with God in these terms:

„If God will be with me, and will keep me in this way that I go, and will give me bread to eat and clothing to wear, so that I come again to my father's house in peace, then the Lord shall be my God, and this stone, which I have set up for a pillar, shall be God's house; and of all that thou givest me I will give the tenth to thee . . .” (Gen. 28:20-22).

We marvel at his brass: provision, safekeeping, profit and a safe return, all for 10%! Was he sincere, opportunist or a mixture of both? Simplicity in human affairs is only found in saints and psychopaths. Jacob was neither. The trekker vow we commemorate today echoes the same spirit:

(Continued on page 2)

# ’N BELYDENIS VIR ONS EIE TYD

DS. DANIE VAN ZYL

In 1925 het die „United Presbyterian Church of North America” ’n voorstel aangeneem waarin die kerk weer sy verhouding tot die Westminster Konfessie bevestig het. In dieselfde voorstel het die volgende verskyn:

„Hiermee bevestig die kerk ook die reg en plig van ’n lewende kerk om sy geloof van tyd tot tyd te herkonstateer, om sodoende enige verdere vooruitgang wat hy onder die leiding van die Heilige Gees gemaak het, te vertoon.”

In hierdie verklaring is die saad van ’n nuwe belydenis gesaai.

In 1957 het ’n komitee van die „Presbyterian Church in the United States” verslag gelewer en aanbeveel

„dat die verenigde kerk (van die genoemde twee Presbiteriaanse kerke) nadat die same-smelting in 1958 voltooi is, ’n kort hedendaagse geloofsverklaring moet voorberei, wat dan deel van die konstitusie sal word.”

Hierdie kort verklaring het nou tot ’n volle belydenis ontwikkel

en staan in Amerika bekend as die „Confession of 1967”.

Die beplanning van ’n hedendaagse belydenis is nie beperk tot die Presbiteriaanse kerk in Amerika nie. Dieselfde taak is besig om ook in lande soos Engeland, Australië en Holland oorweeg of aangepak te word. In werklikheid het die hele gereformeerde familie van kerke nie alleen die behoefte gevoel om hulle verhoudings tot die ouere belydenisskrifte te hernu nie, maar om ook ’n belydenis op te stel wat die probleme en behoeftes van ons eie tyd in ag sal neem.

Deur die „United Presbyterian Church in the U.S.A.” word ’n boek van belydenisskrifte oorweeg wat die volgende belydenisse sal insluit:

(Vervolg op bladsy 3)

## "Die ware Jakob"

(Continued from page 1)

a church and an annual Sabbath observance in exchange for victory over Dingaan. It is easy for us to be shocked at the willingness of others to exploit God. But we do not face Dingaan; and when we are in trouble, our covenants with God are no less mercenary than Jacob's.

### GOD'S TERMS

Yet clearly, the main point of Jacob's story is not his shrewd opportunism. What matters most is the providential grace of God. Jacob looks merely for provision; he finds Providence. He is unable to conceive terms as advantageous as those which God has for him. When the time came that God commanded him to return, Jacob was squeezed between the rising jealousy of Laban and his family and the dark prospect of returning to land occupied by an unreconciled brother. In Haran, the flocks and herds had ebbed and flowed. But the final direction was as unmistakable as that of the Zulu cattle: more and more found their way into Jacob's laagers. And as Jacob, the Afrikaner today finds himself caught in the squeeze between the rising resentment of those at whose expense he seems to prosper and the command by God to set out on a course which means a meeting with if not also a collision with his angry brother.

We do not know yet how this will turn out for our land. But we do know how it turned out for Jacob. By the grace of God he not only prospered exceedingly; he was also reconciled to his brother. What Jacob had been powerless to procure, God provided. His own elaborate attempts to placate his brother, precautions that have their parallels in the feverish plans for the Transkei, did not suffice to give him peace of mind. What from the point of the politics of provision would have been shrewd in the politics of providence became blatant and silly. For where grace works, bribery is unnecessary. Once again, Jacob had to find that "God was in this place and I knew it not." The limp the wrestler left him remain-

ed a life-long reminder that God not only honours his word by providing graciously; he reconciles brothers. If our aim is provision for ourselves, then by every means possible, fences, titles, border strips, brands, we do well to keep neighbours and brothers at a distance. But when we are overtaken by Providence, God makes possible life together without fences.

### LIVING WATER

The second illustration of the replacement of human provision by divine providence is in the meeting between the anonymous woman at the well of Sychar and Jesus. At first, the woman does not recognize the one in whose presence she finds herself. At Bethel, the weary patriarch found merely an empty place to rest. She, tired herself, sees only a tired and thirsty Jew. But his request for a drink, and his remark about living water raises acutely two questions about the framework of her life and the life of her people. She assumes that Jesus will assert in traditional terms the claim to religious and racial supremacy. This she seeks to forestall by going back to a common ancestor. She and her people, racially and religiously, are as good as he and his. "Are you greater than our father Jacob who gave us this well and drank from it himself?"

A knockout question: but the answer is stunningly unexpected. Since he can give "living water" he is greater. Yet his claim was as vulnerable then as we feel it to be now. He has nothing with which to draw; the well is deep. Thus on the level of provision, he appears hopelessly deficient. At this stage, the verdict between the realism of provision and the realism of providence seems inconclusive. She has this well and the pot: whence this living water? But he also shows the insufficiency of this well to sustain life. None knows better than she that those who drink from this well thirst again, and that even the life which it sustains is highly unsatisfactory.

But what of the alternative? Common physical ancestry is not enough: salvation, he asserts, is of the Jews. The providence and the grace of God always seem

exclusive and arbitrary at times, particularly when these are exercised on behalf of others, and most of all when shown to our enemies. What Jacob may or may not have done, his gifts and his habits do not matter most. What our ancestors may have achieved themselves or passed to us does not finally determine our place before God or men. As Retief found in 1838 and as non-europeans are finding now, possessing a land means more than treaties and Deeds Offices. God's providence is the whole history of his dealings with a people, and not simply the parts we want. This means learning to value parts of that history which we find unpleasant or unflattering, and to devalue some of the parts upon which we put most stress. The assertion that salvation was of the Jews destroyed what the Samaritans thought important. Samaria was in fact a spiritual non-entity. We cannot always see what will be of lasting importance in our time, but we can be sure that God's providence in the gospel will be more important than our human attempts at provision.

But Jesus pursues this beyond the complacent judgment of the racist. He makes no attempt to hide the fact that salvation is of the Jews, but points to the fact also of that which would outmode these historic rivalries and differences once and for all. God was now to be worshipped in Spirit and truth. This demand and possibility made the question of Jerusalem or "this mountain" no longer of urgent importance. As with the question of who owned or gave the well, so that of where men were to worship was no longer of primary importance. The presence of the Messiah had changed the ancient and ancestral priorities. In the era of living water, the new era of the Spirit, physical considerations became secondary to spiritual. Flesh is a function of spirit.

### REVALUATION OF HISTORY

This is where the conversation touches us. 1838, and all the rest is part of the salvation history of our country. But the time has come when we have to revalue our history in terms not of provision, but of providence. Some moments and places have an impor-

## "Die ware Jakob"

tance in the politics of provision which they do not have in the politics of providence. Blood River is important in the politics of provision; it is quite possible that this spot, in the politics of providence may turn out to be more important to the history of our land. While it is a function of ancestors to provide for their descendants, we cannot make such provision into a religion without making it idolatrous. Our ability to provide for our children rests finally upon God's providence. That providence is established on his terms, not ours. The pattern of providence always differs from that of ancestral cults. Where the ancestors hedge to protect, God destroys the frontier. What is shaped initially by the greed, the lawlessness and the violence of men is finally to be subdued by the grace of God. He offers living water to all in this land, regardless of to whom its wells belong. In so doing he challenges our politics of provision. As long as we cannot make up our minds whether to trust him or our own methods, we shall show not simply indecision, but the hypocrisy of the doubleminded.

Like a man accepting the gift of a woman's love in marriage, the acceptance of the gift of living water requires an immense revolution in our thinking and living. In Palestine, as here, possession of the wells was the key to provision. Those who held the water held the land. There are many reasons for being nice to Basutoland; not only is there the flow of labour, but also the Orange and the Caledon rise in the Malutis. This stranger challenges every section of the country with the adequacy of the sources of its life. None of them can satisfy even the section concerned. We see the common drought; we are offered a common draught. Both with race and religion, we can see each other's thirsts. We can see their inadequacies and short comings. The West is regarded for its technology, the means it has of bigger and better water supplies, and not for its civilization, how its community lives and moves. Presbyterians regard bishops not as the crown of ecclesiastical

creation, but at best as an unavoidable necessity of union. An ancestral well will not suffice for a descendant's thirst, let alone another's who may wish to drink.

### THE GOSPEL OF THE POOR

Second, God's providence as living water comes not to the owner of the well or the headman of the village, but to a poor wretch who had to join mad-dogs and Englishmen out in the mid-day sun in order to escape the tongues of her neighbours. We see her as a spiritual porcupine, with every quill of resentment a-bristle. She has few rights and privileges, and fewer amenities even than the over-worked African house-wife who trails to the township stand-pipe. These often find something to sing about as they go, but this is a silent, most uneager beaver.

The gospel is not offered to a rich and prosperous patriarch whose problem is to find sufficient grazing and water for his vast flocks and herds, that is, to one whose problem is abundance, but to this creature who clings to distant ancestry as her only ennobling feature; not to a wool baron, but to some inhabitant of district six distinguished by being called Jannie van Riebeeck or Charlie Somerset. Living water is for the rightless, the landless, the disaffected, the disgruntled, the divorced, the sin-swamped and those with outsize inferiority complexes. (Remember the climax of the message to John the Baptist? "The poor have the gospel preached to them. Blessed is he who is not offended in me.") In this woman, Jacob's limp has turned into a chip on the shoulder. Yet she becomes the one to whom the Saviour of the world is revealed, and the one privileged to lead others to where he is to be found. To this racist, and essentially irreligious person, is given that which heals racialism and religious division. Like her ancestor, she finds in a covenant based on the supremacy of grace, unbelievable riches. For her, as for him, the hunt for provision has suddenly become the revelation of Providence.

*\*The above is the first part of an address delivered at the Wilgespruit service on the Day of the Covenant, 1965. To be continued.*

## 'n Belydenis vir ons eie Tyd

(Vervolg van bladsy 1)

- (i) Die Geloofsbelydenis van Nicea
- (ii) Die Apostoliese Geloofsbelydenis
- (iii) Die Skotse Konfessie
- (iv) Die Heidelbergse Kategismus
- (v) Die Tweede Helvetiese Konfessie
- (vi) Die Westminster Konfessie en Korter Kategismus
- (vii) Die Teologiese Verklaring van Barmen
- (viii) Die "Confession of 1967".

### IS 'N HEDENDAAGSE BELYDENIS GEREGVERDIG?

Van die vroegste tyd af het die Christelike Kerk die behoefte gevoel om een of ander fokus of samevatting van die Bybelse getuigenis aangaande Christus te hê. Kort dele van sulke belydenisse is alreeds in die Nuwe Testament teenwoordig. Die Kerk het vroeg al besef dat die doopsbelydenisse en kanon van die Skrif nie eenheid in die Kerk kon waarborg nie. Valse leringe aangaande die betekenis van Christus, die belang van redding en die verhouding van die Christelike evangelie tot Judaïsme en die Grieks-Romeinse godsdienste, het die Kerk geforseer om sekere besluite te neem en duidelike onderskeidings te maak. Hierdie besluite en onderskeidings is deur 'n reeks konsilies en sinodes gemaak. So word in die geloofsbelydenis van Nicea bv. probeer om met meer duidelikheid en noukeurigheid die betekenis van Christus vir die Kerk uiteen te sit en die Skrifwaarheid aangaande Christus teen valse leringe van die tyd te verskans.

Ten spyte van die omvang van hierdie besprekings in die Kerk en die insig waarvan dit getuig, is min of geen aandag aan die volgende vraagstukke gegee nie: hoe die Skrif verklaar moet word; die Christelike leer omtrent die mens; die leer van die genade; die leer van die kerk, sy bediening en aanbidding; en die verhouding tussen kerk en kultuur.

(Vervolg op bladsy 4)

## 'n Belydenis vir ons eie Tyd

(Vervolg van bladsy 3)

Geen gemeenskaplike besluite is oor hierdie sake geneem nie.

Dit was op hierdie gebiede waar die Protestantse Hervormers hulle sterkste aanslae kon maak, juis omdat daar geen vasomlynde uitsprake was nie. Al die Protestantse belydenisskrifte het beoog om nuwe belydenisse te wees wat die nuwe situasie in ag sou neem. Die vroeëre belydenisse, soos die Apostoliese geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Nicea is nie verwerp of vervang nie. Die nuwe belydenisse het eerder die insig van die vroeëre belydenisse erken, maar dan daarby met teenswoordige probleme rekening gehou.

Johannes Calvyn het gesê dat die andersoortige en verskillende probleme van die sestiende eeu nie met die antwoorde van die vierde eeuse kerk beantwoord kan word nie. Probleme van die sestiende eeu moet met die antwoorde van die sestiende eeu beantwoord word. Dieselfde kan van ons twintigste eeu gesê word.

Die Hervormers het daar geen beswaar teen gehad om gedurende die Reformasie in elke land 'n eie belydenis op te stel en om selfs nuwe belydenisse op te stel om hulle vroeëre geskrifte te vervang nie. Hulle was maar net besig om hulle eie getuienis uit te leef. Die Hervormers het geglo dat die kerk altyd, wat sy eie lewe betref, deur die Woord van God en onder leiding van die Heilige Gees in die HEDE hervorm moet word.

Wanneer kerke in 'n nuwe omgewing die belydenisse oorneem wat in 'n vroeëre tyd en in 'n ander historiese situasie ontstaan het, word die probleem geskep van hoe die belydenis nou afgelê moet word. So 'n probleem het in Amerika tussen die Baptiste, Kongregasionaliste en Presbiteriane voorgekom. Al drie kerke het die Westminster Konfessie onderskryf. Tog het hierdie gemeenskappe uiteindelik teen mekaar, en later ook onderling, verdeeld geraak. Die ergste skeuring tussen hulle was egter die gevolg van strydvrage wat nie in

die Westminster Konfessie behandel is nie. Hierdie kerke se grootste probleme was slawerny, politieke kwessies, filosofiese veranderinge, ekonomiese beleid en groepsmededinging. Dit het nie vir hierdie kerke moontlik gelyk om onder leiding van die Heilige Gees die Skrif te herondersoek en so weer die Christelike geloof in hulle teenswoordige situasie te bely nie. Tog was dit juis wat die Hervormers in hulle situasie gedoen het.

Die Amerikaanse kerke moes dus die ongeëwenaarde godsdienstige en sosiale veranderinge van die twintigste eeu tegemoet gaan met 'n stel belydenisskrifte wat drie eeue vantevore opgestel is. Dit was een rede waarom daar in Amerika sulke anti-presbiteriaanse en anti-gereformeerde elemente soos ultra-nasionalisme en rasse-diskriminasie die kerk kon binnekom. Die driehonderdjaar-oue belydenis kon geen weerstand bied teen sulke valse insluipels nie.

In Duitsland het Nazisme die kerk oorval en binnegeval. In die stryd is die Teologiese Verklaring van Barmen gebore om die Christelike geloof weereens in verhouding te bring met die plaaslike situasie. Barmen is 'n blywende voorbeeld van hoe die totstandkoming van 'n ware belydende kerk ook tot 'n kerk van belyers en martelare gelei het.

Daar is vandag 'n diep besef in die kerk dat sy verantwoordelikheid om die Christelike geloof, soos die Hervormers, in die onmiddellike, feitlike situasie te bely, ernstige aandag moet geniet.

Die kenmerke van 'n belydende kerk is dat sy lewe nie deur enkele persone of gemeentes gerig word nie, maar deur die norme van 'n belydenis. 'n Belydenis as maatstaf is ondergeskik aan die Bybel, maar verhewe bo leraar en gemeente. 'n Belydenis kan nie in 'n vakuum opgestel word nie, maar alleen wanneer daar 'n wisselwerking is tussen die Heilige Skrif en die plaaslike situasie.

Die oogmerk van die outeurs van die Westminster Konfessie was dat hulle belydenis 'n opsomming van die Bybelse leringe moes wees en dat dit as gids moes dien tot 'n beter begrip van die Skrifwaarhede. Die werk was egter sowel 'n opsomming as 'n verklaring van die Skrif. Party

Bybelse temas is geweldig uitgebou terwyl ander geheel en al weggelaat is. Dat hierdie belydenis, en uiteraard enige belydenis, ook 'n verklaring van die Heilige Skrif is, is heeltemal korrek. Die Bybel-waarheid moet in die hedendaagse taal uitgedruk word om deur die hedendaagse mens verstaan te word. Die Christelike boodskap moet altyd in die idioom van 'n sekere tydperk en plek verkondig word.

Geen enkele belydenis kan vir alle tye voldoende wees nie, en nog minder kan 'n besondere belydenis as onfeilbaar beskou word. Die hede en toekoms mag belydenisvorme nodig hê waarvan nog nie eens gedink is nie. Die toets van 'n ware belydenis is nie hoe dit met 'n sekere tipe ooreenkom nie, of hoe dit in styl uitmunt nie, maar hoe dit die kerk help om die evangelie in die teenswoordige lewe in woord en daad uit te dra.

Die „United Presbyterian Church in the U.S.A.“ se taak, gesien as eties, ekumenies, verstandelik en evangelisties, kon nie voldoende gerig word deur 'n geskrif van die sewentiende eeu nie. Maar dit beteken nie dat alle vorige belydenisse nou geheel en al onbruikbaar geword het nie. Elke kerk het 'n tradisie wat waardevol is. As 'n kerk sy tradisie verloën, bedrieg hy homself en word hy verarm. Die weg na die toekoms loop uit die verlede vandaan. Die Amerikaanse Presbiteriaanse kerk het sy tradisie bevestig, maar tog die Bybelse waarhede opnuut van toepassing gemaak deur die „Confession of 1967“ as die laaste belydenis in 'n boek van belydenisskrifte op te neem. Die kerk se lewe word nou deur al die belydenisse gesamentlik gerig.

### DIE INHOUD VAN DIE „CONFESSION OF 1967“

Die „Confession of 1967“ is in drie dele verdeel wat onderskeidelik handel oor God se Versoeningswerk, die Bediening van Versoening, en die Verwesenliking van Versoening. Die belydenis lê nie nadruk op die tradisionele leerstellinge nie, maar probeer om 'n hedendaagse verklaring te maak oor wat die kerk vandag omtrent Jesus van Nasaret glo. „In Jesus van Nasaret is die ware

(Vervolg op bladsy 11)

## Editorial:

## *Must the Institute Disappear from the Scene?*

Prof. P. A. Verhoef, Dean of the Theological Faculty of the University of Stellenbosch, recently expressed the hope that "the great and demisive rôle" which the Christian Institute of Southern Africa will still play, will be by disappearing from the scene quickly and quietly."

(Die Christelike Instituut van Suidelike Afrika, N.Z.A.W. — Kroniek, December 15, 1965, p. 3).

Although this comment was meant to be unfriendly, there is such an important element of truth in it that no-one connected with the Institute, taking part in its activities and supporting its aims, could be indignant about it. Nor could anyone become melancholy over this statement of a theological professor whose words carry authority and are appreciated amongst a wide circle, as if it is a prophecy of doom. If the Christian Institute fulfils its objectives — which the professor doubts, but about which he could be better informed — then sooner or later, at least in so far as its present function is concerned, it must become redundant and disappear. This is perfectly obvious and should be awaited calmly and confidently, and should even be zealously hastened. The Institute has limited aims and a limited task. It is no church, and is no competitor against the Church, but acts in the sphere of the Church and keeps itself busy with a part of the Church's task of witnessing, while it must still respect the Church as greater. As far as the Church is concerned, the Institute, by way of analogy, will have to find its slogan in the words of John the Baptist in connection with his relationship to Christ: "He must increase, but I must decrease" (John 3:30). The Church is the body which God wants to use in this world and in our country to be the carrier of His truth and revelation. Therefore the Christian Institute may not have any pretensions to the truth which stand over against that of the Church or which receive pre-eminence above that of the Church. The truth of which it witnesses is not its own, but that of which the Church is the ultimate and decisively chosen bearer. Love and respect for the Church will, therefore, have to characterise all actions and activities of the Institute.

This love and respect, however, only come into their true form, into genuineness and purity, when they are greater than and different from a facile submission and narrow denominational tie. In the same way in which the child's love and respect for his parent come to their highest and most beautiful revelation in love for and obedience to the Father, while this may mean that the earthly parent is contradicted on certain points precisely because of this, so the love and respect for the church also finds its highest and most beautiful manifestation in the

(Continued on page 6)

## Inleidingsartikel:

## *Moet die Christelike Instituut van die Toneel Verdwyn?*

Prof. dr. P.A. Verhoef, dekaan van die teologiese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch, het onlangs die hoop uitgespreek „dat die ‚groot en beslissende rol‘ wat die Christelike Instituut van Suidelike Afrika nog sal speel daarin sal bestaan dat hy spoedig en sag van die toneel sal verdwyn”

(Die Christelike Instituut van Suidelike Afrika, N.Z.A.W.-Kroniek, 15 Des. 1965, bl. 3).

Hoewel hierdie opmerking onvriendelik bedoel was, is daar tog so 'n belangrike element van waarheid in dat niemand wat aan die Instituut verbonde is, aan sy werksaamhede deelneem en sy doelstellings onderskryf daarvoor verontwaardig kan wees of daarvoor melancholies kan raak soos oor 'n onheilsprofesie uit die mond van 'n teologiese hoogleraar wie se woorde in wye kringe waardering geniet en gesag dra nie.

As die Christelike Instituut aan sy doel beantwoord — wat die professor egter betwyfel, maar waarvoor hy stellig beter ingelig kan word — dan moet hy vroeër of later, altans wat sy huidige funksie betref, oorbodig word en verdwyn. Dit is volkome vanselfsprekend en dit moet rustig en vertrouensvol afgewag word en selfs ywerig verhaas word. Die Instituut het beperkte doelstellinge en 'n beperkte taak. Hy is geen kerk nie en ook geen mededinger van die Kerk nie, maar tree op op die terrein van die Kerk en hou hom besig met 'n deel van die getuienistaak van die Kerk, terwyl hy steeds eerbiediglik sal moet besef dat die Kerk meer is as hy. Ten opsigte van die Kerk sal die Instituut, by wyse van analogie, sy leuse moet vind in die woorde van Johannes die Doper i.v.m. sy verhouding tot Jesus: „Hy moet meer word, maar ek minder” (Joh. 3:30). Die Kerk is immers die instansie wat deur God in hierdie wêreld en ook in ons land gebruik wil word om die draer te wees van sy waarheid en sy openbaring. Daarom mag die Christelike Instituut geen waarheidspretensie hê wat teenoor dié van die Kerk staan of bo dié van die Kerk uitgaan nie. Die waarheid waarvan hy getuig, is nie sy eie nie, maar dié waarvan die Kerk die eintlike en deur God uitverkore draer is. Liefde en eerbied vir die Kerk sal daarom alle aksies en aktiwiteite van die Instituut moet kenmerk.

Hierdie liefde en eerbied kom egter eers tot sy ware wese, tot egtheid en louterheid as dit iets meer en iets anders is as 'n willose onderworpenheid in 'n eng-denominasionele binding. Soos die liefde en eerbied van die kind tot sy ouer tot sy skoonste en hoogste openbaring kom in die liefde tot en die gehoorsaamheid aan die Vader, terwyl dit mag meebring dat die aardse ouer juis daarmee op sekere punte weerspreek word (vgl. Luk. 2:48-49), so vind ook die liefde en eerbied vir die Kerk sy

(Vervolg op bladsy 6)

## Must the Institute Disappear from the Scene?

(Continued from page 5)

obedience to the Head and Lord of the Church, provided this is not accompanied by proud and obstinate pretensions, but takes place within the boundary of truth which was given to the Church and learnt from the Church.

The Christian Institute may not contradict the fact that the Church is the Institute of Christ, but it continually acts in the greatest love and respect for the Church when it contradicts certain sinful tendencies in appealing to the truth committed to the Church. Its right to exist as an organisation as well as its duration depends on the question of how deep rooted these sinful tendencies in the Church are and how widely disseminated. But its concern can be the Church only, so that the Church can truly be Church. Therefore, the Christian Institute, in the execution of all its energy, in its service to Christ and His Church, should be consumed, and in its zeal for the Church it should couple the words of John the Baptist with Calvin's slogan: **Terar dum prosim**. The Institute will, however, sin against the Church if it does not fulfil its limited task and calling within a hoped for limited duration of time.

For someone like Prof. Verhoef, who recognises the "Biblical basis and elevated aims" of the Institute as well as its right to exist, and who openly expressed his appreciation of "the zeal and enthusiasm for ecumenism which is shown in these groups, and also their struggling with our problem of race relations" (quoted art. page 2), it should not be too difficult to temper his judgment of the Institute to something more friendly — especially because Prof. Verhoef, and many responsible churchmen with him, know how important and how difficult and challenging it is to contradict the deep-rooted sinful tendencies

in the Church for the sake of Christ, on precisely these points of ecumenism and race relations mentioned. Instead of from a distance wishing the Institute a quick and quiet disappearance from the scene, people like Prof. Verhoef could make a powerful and valuable positive contribution in allowing the Institute to play its "great and decisive rôle" in our Church life, so that it could then, but then only, disappear from the scene.

## Moet die Christelike Instituut van die Toneel Verdwyn?

(Vervolg van bladsy 5)

hoogste en skoonste manifestasie in die gehoorsaamheid aan die Hoof en Heer van die Kerk, mits dit nie met 'n hooghartige en eiesinnige pretensie gepaard gaan nie, maar geskied binne die omlyning van die waarheid wat aan die Kerk gegee en van die Kerk geleer is.

Die Christelike Instituut mag die feit dat die Kerk Instituut van Christus is, nie weerspreek nie, maar hy handel steeds in die grootste liefde en eerbied vir die Kerk as hy met 'n beroep op die waarheid wat aan die Kerk toevertrou is, sekere sondige tendense in die Kerk gewortel geraak het en hoe wyd verbreid dit is. Maar dit mag vir hom enkel gaan om die Kerk, sodat die Kerk waarlik Kerk sal wees. Daarom moet die Instituut met inspanning van alle kragte in sy diensbaarheid aan Christus en sy Kerk verteer word, en in sy ywer vir die Kerk met die woorde van Johannes die Doper die leuse van Calvin paar: **Terar dum prosim**. Die Instituut sal egter teen die Kerk sondig as hy nie sy beperkte taak en roeping in 'n hopelik beperkte tydskuur vervul nie.

Vir iemand soos prof. Verhoef, wat die „Bybelse grondslag en verhewe doelstelling“ van die

Instituut sowel as die bestaansreg daarvan erken en sy waardering openlik uitspreek „vir die ywer en entoesiasme wat uit dié kringe ten opsigte van die ekumene aan die dag gelê word, en ook vir hulle worsteling met die probleem van ons rasseverhoudinge“ (a. art. bl. 2) behoort dit nie moeilik te wees om sy oordeel oor die Instituut in die lig hiervan tot ietwat meer vriendelikheid te matig nie — veral ook omdat prof. Verhoef, en talle verantwoordelike kerkmanne saam met hom, weet hoe noodsaaklik en hoe moeilik en uitdagend dit is om juis op die genoemde punte van die ekumene en rasseverhoudinge, diepgewortelde sondige tendense in die Kerk om Christus ontwil te weerspreek. In plaas van op 'n afstand die Instituut 'n spoedige en sagte verdwyning van die toneel toe te wens, sou mense soos prof. Verhoef 'n kragtige en waardevolle positiewe bydrae kon lewer om die Instituut sy „groot en beslissende rol“ in ons kerklike lewe te laat speel, sodat hy dan, maar dan eers, van die toneel kan verdwyn.

The Editor of PRO VERITATE received a number of letters for publication but could not publish them in this edition. These letters will however appear in the February edition of PRO VERITATE.

Die Redakteur van PRO VERITATE het 'n aantal briewe vir publikasie ontvang wat ongelukkig weens gebrek aan ruimte nie hierdie maand gepubliseer kon word nie. Hierdie briewe sal egter in die Februarie-uitgawe van PRO VERITATE verskyn.

# DIE BARMENVERKLARING VAN 1934

Die Barmenverklaring van 1934 het so 'n belangrike en beslissende rol gespeel in die Duitse Kerkstryd van 1934-1945 en omdat telkens daarna verwys is in die artikelreeks oor 'n „Belydende Kerk” in Suid-Afrika, publiseer ons dit hier met die oog op die uitdaging wat dit aan alle Kerke en Christene, ook in Suid-Afrika, stel om in dergelike situasies, met Gods Woord as onfeilbare rigsnoer 'n vrymoedige en onmiskenbare getuie te gee. Dis die eerste maal dat dié belydenisstuk in Afrikaans gepubliseer word en PRO VERITATE ag homself bevoorreg om hierdie diens aan alle Afrikaanse lesers te lewer.

\* \* \*

Die Duitse Evangeliese Kerk is volgens die inleidingswoorde van sy konstitusie van 11 Julie 1933 'n bond van gelykberegtigde, naas mekaar staande belydeniskerke wat uit die Reformasie voortgekom het. Die teologiese voorwaarde vir die vereniging van hierdie kerke word aangedui in art. 1 en art. 2, 1 van die konstitusie van die Duitse Evangeliese Kerk wat op 14 Julie 1933 deur die Ryksregering erken is.

Art. 1: Die onaantasbare grondslag van die Duitse Evangeliese Kerk is die Evangelie van Jesus Christus soos dit in die Heilige Skrif betuig word en soos dit in die belydenisse van die Reformasie opnuut aan die lig gekom het. Hierdeur word die volmagte wat die kerk vir sy sending nodig het, bepaal en begrens.

Art. 2, 1: Die Duitse Evangeliese Kerk bestaan uit kerke (territoriale kerke).

Ons wat in 'n belydenis-sinode van die Duitse Evangeliese Kerk verenig is uit verteenwoordigers van Lutherse, Gereformeerde en Verenigde Kerke, vrye sinodes, KIRCHENTAGE en plaaslike kerkgroepe, verklaar dat ons gemeenskaplik staan op die bodem van die Duitse Evangeliese Kerk as 'n bond van Duitse belydeniskerke. Ons is saamgevoeg deur die belydenis van die een Here van die een, heilige, algemene en apostoliese Kerk.

Ons verklaar openlik voor alle evangeliese kerke in Duitsland, dat die gemeenskaplikheid van hierdie belydenis en daarmee ook die eenheid van die Duitse Evangeliese Kerk in die grootste gevaar verkeer. Dit word bedreig deur die leer- en handelwyse van die Duitse Christene en die kerkregering wat deur hulle beoefen word, wat in die eerste jaar van die bestaan van die Duitse Evangeliese Kerk meer en meer sigbaar geword het. Die bedreiging bestaan daarin dat die teologiese voorwaarde waarin die Duitse Evangeliese Kerke verenig is, sowel deur die leiers en

woordvoerders van die Duitse Christene is deur die Kerkregering, voortdurend en grondig deur vreemde voorwaardes deurkruis word en kragteloos gemaak word. As dit geldig moet wees, hou die kerk op, volgens al die belydenisse wat vir ons gesaghebbend is, om Kerk te wees. As dit moet geld, sal ook die bestaan van die Duitse Evangeliese Kerk as 'n bond van belydeniskerke onmoontlik wees.

Gemeenskaplik mag en moet ons as lede van Lutherse, Gereformeerde en Verenigde Kerke tans oor hierdie saak praat. Juis omdat ons aan ons verskillende belydenisse getrou is en getrou wil bly, mag ons nie swyg nie, omdat ons glo dat ons in 'n tyd van gemeenskaplike nood en aanvegting 'n gemeenskaplike woord in die mond gelê is. Wat dit vir die verhouding van die belydeniskerke onderling mag beteken, vertrou ons aan God toe.

Met die dwalinge van die Duitse Christene en die teenswoordige Ryks-Kerkregering voor oë, wat vir die kerk en daarmee ook vir die eenheid van die Duitse Evangeliese Kerk verwoestend is, bely ons die volgende Evangeliese waarhede:

1. „**Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.**” (Joh. 14:6).

„**Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, hy is 'n dief en 'n rower. Ek is die deur, as iemand deur My ingaan, sal gered word.**” (Joh. 10:1, 9).

JESUS CHRISTUS, SOOS HY AAN ONS IN DIE HEILIGE SKKRIF BETUIG WORD, IS DIE EEN WOORD VAN GOD WAT ONS MOET HOOR, WAT ONS IN LEWE EN STERWE MOET VERTROU EN WAT ONS MOET GEHOORSAAM.

Ons verwerp die valse leer as sou die Kerk as bron van sy verkondiging buiten en naas hierdie een

Woord van God ook nog ander gebeurtenisse en magte, gestaltes en waarhede as Gods openbaring kan en moet erken.

2. „**Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing**” (1 Kor. 1:30).

SOOS JESUS CHRISTUS GODS TOESEGGING VAN AL ONS SONDES IS, SO EN MET DIESELFDE ERNS IS HY OOK GOD SE KRAGTIGE AANSPRAAK OP ONS GANSE LEWE; DEUR HOM WEDERVAAR ONS VREUGDEVOLLE BEVRYDING UIT DIE GODDELOSE GEBONDENHEDE VAN HIERDIE WÊRELD TOT VRYE, DANKBARE DIENS AAN SY SKEPSELS.

Ons verwerp die valse leer as sou daar gebiede van ons lewe wees waar ons nie die eiendom van Jesus Christus nie, maar dié van ander here is, gebiede waar ons nie die regverdiging en die heiliging deur Hom nodig het nie.

3. „**Maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam goed saamgevoeg is**” (Ef. 4: 15-16).

DIE CHRISTELIKE KERK IS DIE GEMEENTE VAN BROEDERS, ONDER WIE JESUS CHRISTUS IN WOORD EN SAKRAMENT DEUR DIE HEILIGE GEES AS DIE TEENWOORDIGE HEER HANDEL. HY (DIE KERK) MOET MET SY GELOOF SOWEL AS MET SY GEHOORSAAMHEID, MET SY BOODSKAP SOWEL AS MET SY ORDENING, TE MIDDE VAN DIE WÊRELD VAN DIE SONDE AS KERK VAN BEGENADIGDE SONDAARS BETUIG DAT HULLE ALLEEN SY EIENDOM IS, ALLEEN VAN SY TROOS EN SY VERMANING IN DIE VERWAGTING VAN SY VERSKYNING LEEF EN WIL LEWE.

Ons verwerp die valse leer as sou die Kerk die vorm van sy boodskap en van sy ordening mag oorlaat aan sy eie willekeur of aan die wisseling van die van tyd tot tyd heersende wêreldbeskoulike en politieke oortuigings.

4. „**Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar so moet dit onder julle**

(Vervolg op bladsy 10)

# DIE KERK BUIITE SUID-AFRIKA

## VATIKAANSE KONSILIE

PROF. B. B. KEET

As waarnemer by die tweede Vatikaanse Konsilie deel Dr. Robert McAfee Brown van die Presbiteriaanse Kerk in Amerika, in *Presbyterian Life*, sy bevindinge mee onder die hoof: **REVIEWS AND PROSPECT**. Om die belangrikheid daarvan, deel ons die hoofinhoud mee.

Hy begin met 'n terugblik op die ontstaan van die Konsilie. In Januarie 1959 het Pous Johannes XXIII sluit om 'n Konsilie van die Rooms-Katolieke kerk, bestaande uit al die biskoppe en hoofde van religieuse ordes, byeen te roep ten einde, soos dit uitgedruk word, die Rooms-Katolieke Kerk tot op datum te bring (*aggiornamento*). Sedert 1870 was daar geen Konsilie van dergelyke aard nie, en vóór dié tyd het die Konsilie van Trente as teenvoeter van die Protestantse Reformasie in die 16de eeu vergader. In Desember 1965 het die tweede Vatikaanse Konsilie van Pous Johannes sy werk deur Pous Paulus VI voltooi. Die meer as 2,200 biskoppe wat elke weksdag gedurende drie agtereenvolgende najaarsittinge vergader het, het hul laaste toespraak aangehoor, hul laaste stem uitgebring en hul laaste dokument as lede van Vatikaanse Konsilie II, uitgevaardig. Die vraag is: hoeveel is deur die Konsilie tot stand gebring?

Op hierdie vraag kan nog geen besliste antwoord gegee word nie, want selfs ná die laaste sitting sal dit nog jare duur voordat die trefkrag daarvan vasgestel kan word. Tog is dit moontlik om voorlopig, nog voor die vierde en finale sessie, enkele dinge te konstateer. Die Konsilie het reeds tasbare en ontasbare winste opgelewer. Die tyd alleen sal aantoon watter die vernaamste sal wees, maar albei is van betekenis.

Tot sover is daar drie tasbare prestasies. Die eerste het te doen met die Liturgie, wat natuurlik vir die Roomse alleen van belang is, maar tog uitgebreide implikasies vir alle Christene meebring.

Die dokument oor hierdie aangeleentheid vertoon 'n verbasende aanpassing van iets wat sentraal is in die Rooms-Katolieke lewe — die heilige Mis. Groot gedeeltes van die Mis word nou in die taal van die gemeente voorgedra en nie in Latyn nie, wat vyftien-honderd jaar lank die heersende taal van die Kerk was. Dat Rooms-Katolieke nou aanbid in

die taal wat hulle verstaan, is vanself geen klein heroorsiening nie. Dit bring hul liturgie in nouer verband met die lewe en dit maak deelname van ander Christene sinvoller.

Nog belangriker as die gebruik van die moedertaal is, dat groter vryheid van deelname aan die Mis vir die gewone volk geskep word. Dit is nou duidelik dat die Mis nie iets is wat die priester ten behoeve van die leek verrig nie, maar iets wat die gelowiges saam doen. Die rol wat die gemeente speel, is nie die van toeskouers nie, maar van deelnemers. Vrug van hierdie hervorming sal 'n radikaal nuwe begrip van die Kerk as volk van God wees en nie as bestaande uit priesters alleen nie. Die tweede belangrike vrug is die verklaring oor die Kerk. In ooreenstemming met die nuwe opvatting van die liturgie, verklaar die dokument dat die Kerk basies die volk van God is, die hele volk van God onder wie die hierargie sy plek inneem, in teenstelling met die ou opvatting dat die Kerk basies deur die hierargie verteenwoordig word. Dit beklemtoon die priesterskap van alle gelowiges en verduidelik dat die doop self 'n soort ordening tot die priesterskap is. Hierdie standpunt open die weg tot nuwe rigtings in die Rooms-Katolieke leer van die Kerk.

Nog belangriker is die kerklike ontwikkeling van wat genoem word die „kollegialiteit van die biskoppe”. Dit beteken dat die Pous se biskop van Rome saam met al die ander biskoppe as 'n kollegium oor die kerke regeer. Die Pous is hoof van die kollegium en sonder hom kan hulle nie optree nie, maar hy word beskou as iemand wat in sy optree nie op eie houtjie handel nie, maar as hoof van die kollegium, saam met die ander biskoppe in wie se naam hy praat. Hierdie toegewing word met versigtigheid gemaak met 'n verklarende nota dat niks van die pouslike gesag weggeneem word nie; tog kan dit op die duur 'n radikale verandering in die samestelling van die Roomse Kerk teweegbring.

Die derde tasbare prestasie is die

besluit oor ekumenisme. In sy ondersoek oor die verhouding van die Rooms-Katolieke Kerk tot ander Kerke en kerklike gemeenskappe, word drie dinge genoem. Ten eerste word aan ander kerklike liggame die status van „Kerke en kerklike gemeenskappe” toegeken. In vroeër tye is Protestantse groepe nooit as Kerke aangedui nie. Dit kon nog toegegee word dat individuele nie-Katolieke ook ware Christene kon wees; nou word erken dat hulle status as Christene hulle toekom vanweë en nie ten spyte van hul lidmaatskap van Christelike Kerke nie. Almal wat gedoop is, word daardeur in die liggaam van Christus opgeneem en is in sekere sin reeds lede van die Kerk van Christus. Daarom word nie-Katolieke beskrywe as geskeide broeders liewer as skeurmakers en kettters. Tweedens word openlik erken dat die Rooms-Katolieke Kerk mede-verantwoordelik is vir die verdeeldheid onder Christene en dring by sy lede aan om die vergifnis van God en van hul broeders te soek vir hul sonde teen die eenheid. Vroeër was die houding van die Kerk dat al die skuld van skeiding aan die Protestantse kant geleë was en dat hereniging alleen kon geskied deurdat Protestante hul dwaling bely en na Rome terugkeer. Nou word dit ingesien dat albei kante in verootmoediging mekaar moet soek. Derdens word aanbevelinge vir ekumeniese aktiwiteit gedoen, soos gemeenskaplike samespraak, 'n mate van gemeenskaplike aanbidding, gesamentlike aksie op maatskaplike gebied en ander stappe wat Protestante en Katolieke saam kan onderneem.

By hierdie tasbare resultate moet nog die ontasbare gereken word, die belangrikste waarvan is, dat die deure van die Kerk, volgens die begeerte van Pous Johannes opgemaak is om 'n frisse lug deur die heiligdom te laat waai. Op hulle wat verwag het dat die Konsilie niks anders as 'n rubberstempel van die Pous sou wees nie, het die opreg eerlike debat en die kragtige uiting van uiteenlopende gesigspunte binne die Konsilie, 'n diepe indruk gemaak. Die idee van die Roomse Kerk as 'n reusag-

(Vervolg op bladsy 10)



# CHRISTELIKE VRYMANSKAP — LIBERALISME?

DR. W. BRUCKNER DE VILLIERS

## „IN CHRISTUS”

Deesdae word beskuldigings van „humanisme”, „liberalisme” en mees verdoemend nog, „kommunisme” kwistiglik rondgeslinger deur die meer demagogiese verteenwoordigers van die sg. „behoudende” element in ons Afrikaans-Hollandse kerke teen wie ook al met die beste wil in die wêreld nie kans sien om in alles met hul saam te stem en blindelings te „konformeer” nie.

Vanwaar die skielike populariteit van veral die massa-opsweepende mode - vloekwoord „liberalisme” waarmee almal onder die knuppel gebring word wat nie onvoorwaardelik goedkeuring heg aan die sg. „algemeen aanvaarde tradisies” van volk en kerk nie? Vanwaar die botte veroordeling van alles wat blyke gee van selfs ’n sweem van „liberalisme”? Waaruit bestaan dié liberalisme wat skielik allerweë as die grootste van alle volksgevaare totnogtoe bestempel word?

Die woord „liberalisme” word natuurlik afgelei van die Latynse wortel „liber”, d.w.s. „vry”, en dié se verdere derivaat „liberus” oftewel „vryman”. Dit kan nie ontken word nie dat soos die liberalisme soms in die geskiedenis van die politiek en die teologie tot openbaring gekom het, daar ook sterk afwykings was van die Christelike geloof soos dit in die Christelike lewe gestalte wil kry. Die grondbetekenis van die woord is egter niks meer nie as ’n aanduiding van ’n gedagterigting wat die nastrewe van vryheid voorstaan. En is vryheid dan nie die toestand waarin en waartoe God die mens geskep het toe Hy hom „na Sy beeld” geskape het nie? Vanweë ’n sekere ongunstige historiese belastheid van die woord is dit nie altyd gerade om hierdie Godgegewe vryheid van die mens as „liberalisme” aan te dui nie. Waar dit in hierdie artikel tog wel argeloos geskied, is dit enkel toe te skryf aan die argelose wyse waarop die woord rondgeslinger word om as anathema ook mense te tref wat slegs die Godgegewe vryheid glo en verkondig.

## VERSIGTIG

Die diepste sin van die menslikheid is juis geleë in die menslike **vryheid**, wat op sy beurt weer die wesenlike voorveronderstelling is vir die menslike **verantwoordelikheid**. **Dit is egter nodig om daarop te wys dat ons, vanuit die Christelike ge-**

**loof gesien, uiters versigtig moet omgaan met uitdrukkings soos „die ingebore vryheidsin”, „die natuurlike vryheidsdrang”, „die onkeerbare vryheidstrewe” van die mens.** Want deur die sondeval het die mens al sy oorspronklike Godgegewe vryheid verbeur en verstrik geraak in die bande van die bose. Hy het ’n slaaf van die satan geword en deur die sonde is sy eertydse vryheid vervorm tot ’n karikatuuragtige skynvryheid wat eintlik niks anders is as die grootste gebondenheid nie. Deur die mense se vrye keuse — kragtens sy oorspronklike vryheid, deur God aan hom toebedeel — van die sonde as lewenspatroon het sy natuurlike vryheidstrewe, sy „liberalisme”, ontvaard tot die grofste libertinisme: tot die botviering van alles wat selfsugtig en boos is in die mens, onder die vaandel van ’n gewaande „vryheid” wat slegs ’n simptoem van sy daadwerklike gebondenheid aan die sonde was.

Met die menslike vryheid sou dit, deur die sonde, gaan soos met die goddelik-verordende verhouding tussen man en vrou: juis op hierdie vlakke waarop die mens nie alleen geroepe is nie, maar ook daartoe in staat gestel is om op te styg tot ’n staat „weinig laer as dié van die engele”, sou hy ook, as gevolg van die sondeval, telkens weer daal tot die peil van die subdierlike en in die moeras van sy eie menslikheidsverwording versink.

**Die bestormers en veroordelaars van die sg. „liberalisme” het dus ongetwyfeld iets beet; want daar moet gedurigdeur gewaak word teen ’n sondige misbruik van die vryheid as ’n slagspreuk en as a tipies sataniese camouflaasje vir die bevordering van selfsugtige eiebelang en seksionele magstrewe.** In die naam van die sg. „vryheid” en onder die vaandel van die sg. „liberalisme” het die satan reeds baie van sy bose doelwitte onder mense bereik.

Maar dan mag daar daren ook nie vergeet word nie dat dit slegs die helfte van die hele storie is. Alle vryheidstrewe is nie uit die bose nie. Die oorspronklike vryheid wat deur God aan die mens gegee is, het uiteindelik (genadiglik) geblyk tog nie onherroeplik verbeur te wees nie. In Christus het daar ’n algehele herskepping van die gelowige mens plaasgevind en deur Sy verdienste het daar ’n nuwe, onvernietigbare menslike vryheid tot stand gekom, die vryheid in Christus, wat niks meer in die gemeen het met die skynvryheid van die sonde nie, maar wat aan die verlose Christene gegee is om daagliks tot eer van God te gebruik en ten alle koste te handhaaf.

En om hierdie egte vryheidsdrang, hierdie verskyningsvorm van die ware godsdienstige liberalisme blindweg te veroordeel, as sou dit ’n volksgevaarlike vorm van sondige libertinisme wees, is sekerlik net so verdoemlik as die bevordering van die belange van die Bose in naam van ’n menslike vryheid wat slegs die skynvryheid van die sonde is. **En om dan nog verder te gaan en mede-Christene — erfgename van die vryheid in Christus — deur ’n slinkse en wesenlik onlogiese omkeringsproses te veroordeel vanweë hul „liberalisme”, as sou dit ’n soort geestesmelaatsheid wees, is nog meer verdoemlik, nie alleen omdat dit klaarblyklik berus op ’n moedswillige poging om die teologies ongeskoolde massa doelbewus te mislei nie, maar ook omdat ’n sodanige optrede in direkte teenstryd staan met die goddelike openbaring omtrent die vryheid in Christus en die vryheid wat daar in Hom gevind kan word — dié vorm van Christelike „liberalisme” waartoe die mens inderdaad en onontwykbaar geroepe is.**

Is dit nie dalk vir die anti-liberalistiese alarmkreeuers — soos inderdaad vir almal van ons — nodig om weer ’n slag ernstig te begin nadenk oor die verkondiging van Paulus nie: in Christus het ek en elkeen van my medegelowiges ’n „vryman” geword, ’n **liberus**, ’n geroepe verteenwoordiger van die egte Christelike „liberalisme”. Maar die wese  
(Vervolg op bladsy 10)

## Die Barmen- verklaring van 1934

(*Vervolg van bladsy 7*)

nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle die-naar wees" (Mat. 20: 25-26).

DIE VERSKILLENDE AMPTE IN DIE KERK IS NIE DAAR SODAT DIE EEN OOR DIE ANDER SAL HEERS NIE, MAAR SODAT DIE DIENS WAT AAN DIE HELE GEMEENTE TOEVERTROU EN OPGEDRA IS, UITGEOEFEN SAL WORD.

Ons verwerp die valse leer as sou die kerk vir hom, apart van hierdie diens, leiers kan en mag beskik of laat beskik wat met magsbevoegd-hede bekleed is.

5. „Julle moet God vrees, die koning eer." (1 Petr. 2:17).

DIE SKRIF SÊ AAN ONS DAT DIE STAAT VOLGENS GODDE-LIKE REËLING DIE TAAK HET OM IN DIE NOG NIE VERLOSTE WÊRELD, WAARIN OOK DIE KERK STAAN, NA DIE MATE VAN MENSLIKE INSIG EN MENSLIKE VERMOË, MET BEDREIGING EN MET UITOEFENING VAN GEWELD, VIR REG EN VREDE TE SORG. DIE KERK ERKEN, DANKBAAR EN EER-BIEDIG TEENoor GOD, DIE WELDAAD VAN HIERDIE REËLING VAN HOM. DIT HERINNER AAN GODS RYK, AAN GODS GEBOD EN GEREG-TIGHEID, EN DAARMEE AAN DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN REGEERDERS EN GERE-GEERDES. DIT VERTROU EN GEHOORSAAM DIE KRAG VAN DIE WOORD WAARDEUR GOD ALLE DINGE DRA.

Ons verwerp die valse leer as sou die Staat bo sy besondere opdrag uit die enigste en totale ordening van die menslike lewe moet en kan word en so ook dit wat vir die Kerk bepaal is, vervul. Ons verwerp die valse leer as sou die Kerk, bo sy besondere opdrag uit, vir hom die karakter van die staat, die pligte van die staat en die waardigheid van die Staat moet en kan toeëien, en daarmee self 'n orgaan van die staat word.

6. „Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wê-reld" (Mat. 28:20).

„Die Woord van God is nie ge-bonde nie." (2 Tim. 2:9).

DIE OPDRAG VAN DIE KERK, WAARIN SY VRYHEID GEGROND IS, BESTAAN DAAR-IN DAT HY, IN DIE PLEK VAN CHRISTUS EN DUS IN DIE DIENS VAN SY EIE WOORD EN WERK, DEUR PREDIKING EN SAKRAMENT DIE BOODSKAP VAN DIE VRYE GENADE VAN GOD RIG AAN DIE HELE VOLK.

Ons verwerp die valse leer as sou die Kerk in menslike soewereiniteit die Woord en werk van die Here in diens kon stel van watter eimagtig gekose wense, doeleindes en planne ook al. Die belydenis-sinode van die Duitse Evangeliese Kerk verklaar dat hy in die erkenning van hierdie waarhede en in die verwerping van hierdie dwalinge sien die onontwyk-bare grondslae van die Duitse Evangeliese Kerk as 'n bond van belydeniskerke. Hy roep almal op wat hulle by sy verklaring kan aansluit om in hulle kerkpolitiese beslissinge hierdie teologiese uitsprake in gedagte te hou. Hy versoek almal vir wie dit mag aangaan om tot die eenheid van die geloof en van die liefde en van ons hoop terug te keer.

**Verbum Dei manet in aeternum.**

## Die Kerk buite Suid-Afrika

(*Vervolg van bladsy 8*)

tige beeld uit een stuk gekap, waarin alle mense eenders dink, is doeltreffend vernietig. Ook het dit duidelik geblyk dat die Kerk, sowel wat sy verlede as sy hede betref, aan self-kritiek onderworpe is. Alle kontroversiële vraagstukke wat, na verwagting, ligtelik aangeraak sou word, het openlik aanleiding gegee tot lewendige debatte — die Indeks, die sonde van geestelikes, skandale van die heilige amp, die Inkwisisie, gemengde huwelike, geboortebeperring en dergelike, is op die lappe gebring. Die derde sitting het selfs die skouspel opgelewer, dat die Pous 'n dokument aan die Konsilie-lede vir hulle goedkeuring voorgelê het en dat hulle dit verwerp het. So-iets sou vyf jaar gelede ondenkbaar gewees het. Na eeue van ernstige agterdog teen nuwe gedagtes het die Rooms-Katolieke plotseling tot die ontdekking gekom dat eerlike debat en meningsverskil tot nuwe begrip van die waarheid kan lei. Dié wins is onberekkenbaar groot.

McAfee Brown sluit sy artikel met die volgende woorde: „Die Rooms-Katolieke Kerk staan voor 'n kritieke moment in sy geskiedenis. Dit kan voortgaan na 'n periode van ongekende skeppingskrag of dit kan slegs gedeeltelik bevry word van die bekende, uitgetrapte en verbeeldinglose weë van die 19e eeu. Pous Paulus VI, meer as iemand anders op aarde, sal die rigting aanwys wat sy Kerk sal inslaan. Selde het enige persoon die behoefte aan die voorbidding van alle Christene so nodig gehad as hy."

## Christelike Vrymanskap — Liberalisme?

(*Vervolg van bladsy 9*)

van my vrymanskap bestaan juis — en dit is die diepe geheimenis, die wonderbaarlike verdieping wat die geloof in Christus aan die ware menslike vryheid verleen — in my slawerny t.o.v. Christus en my diensbaarheid teenoor my naaste; terwyl dit, omgekeerd, juis in dié diensbaarheid is dat ek uiteindelik die volmaakte „vryheid in Christus" vind, nl. bevryding van die selfsugsbande van die sonde en die Godbedoelde vervulling van my geskiedenis as mens, die ware **imago dei**.

### NORM EN SKEIDSLYN

My skyn dit of dit in hierdie Skrif-waarheid is dat die norm gesoek moet word; dat dit die skeidslyn aandui tussen die ware en die valse vryheid, tussen die egte, Christus-geïnspireerde liberalisme en die aanvegbare libertinisme, veral op geestelike vlak.

En as dié skeidslyn, dié streng skriftuurlike norm toegepas word, skyn dit my verder of diegene wat in ons tyd so smalend en veroordelend as „liberaliste" uitgekryt word, tog darem iets van die werklike vryheid in Christus beet het vir sover hulle, volgens die lig wat hulle ontvang het, streef na 'n selfdiensbaarmaking veral teenoor die eenvoudigstes, die minderbevoorregtes en dikwels die veragtes onder hul medemense; terwyl juis diegene wat as selfaangestelde „wagters op Sions mure" so luidrugtig besig is om die uitkrytwerk te doen, so verslaaf geraak het deur die mag van hul eiegeregtigheid dat hulle die vryheid van diensbaarheid teenoor Christus en sy „geringes", die onaansienlikes onder hul medemense, in 'n groot mate uit die oog skyn te verloor het.

## 'n Belydenis vir ons eie Tyd

(Vervolg van bladsy 4)

mensheid vir eens en altyd verwerklik". Verder, „Hy het die liefde van God in woord en daad uitgebeeld en het vir alle soorte sondige mense soos 'n broer geword. Maar sy volkome gehoorsaamheid het hom in botsing gebring met sy mense." Die belydenis gaan verder: „Hulle wat in die geloof aan Hom verbind is, is in 'n regte verband met God gestel en kry opdrag om as sy versoende gemeenskap te dien."

In die eerste deel van die belydenis word daar ook oor die sonde van die mens gehandel. „In sonde eis die mens meestersreg oor sy eie lewe, en word hy 'n uitbouter en plunderaar van die wêreld. Hy verloor sy mensheid in 'n ydele wedywering en word in rebellie, wanhoop en afsondering gelaat."

In die tweede onderafdeling van die eerste deel word oor die liefde van God gehandel. „Hy het die mens met bevoegdheid toegerus om die wêreld aan sy behoeftes diensbaar te maak en die goeie daarvan te geniet. Die lewe is 'n gawe wat met dankbaarheid ontvang moet word en 'n taak wat met moed vervul moet word."

In die derde onderafdeling word die Gemeenskap van die Heilige Gees behandel. „Die lede van die kerk is afgesante van vrede en streef na die welsyn van alle mense in samewerking met magte en owerhede in die politiek, kultuur en ekonomie. Maar hulle moet stry teen pretensies en onreg wanneer dié owerhede die welvaart van mense in gevaar stel." In hierdie selfde afdeling formuleer die belydenis opnuut die betekenis en plek van die Bybel in die Christelike gemeenskap. „Die een genoegsame openbaring van God is Jesus Christus, die vleesgeworde Woord van God, van wie die Heilige Gees op baie maniere getuig. Die kerk het die Ou en Nuwe Testamente ontvang as die normatiewe getuienis van hierdie openbaring, en het dit as Heilige Skrif erken". „Gods Woord word vandag tot sy kerk gespreek waar die Skrif getrou verkondig en met aandag gelees word in afhanklikheid van

die leiding van die Heilige Gees en met bereidheid om die Skrif se waarheid en leiding te ontvang."

Die tweede hoofdeel van die belydenisskrif is van die opskrif „Die Bediening van die Versoening" voorsien, en handel oor die roeping van die kerk en die kerk se toerusting. „Die kerk gaan uit om God te dien waar sy lidmate ookal is, in arbeid en spel, in die private of in die gemeenskaplike lewe. Elke lidmaat is 'n afgevaardigde van die kerk, toegerus deur die Heilige Gees met een of ander gawe van bediening en is verantwoordelik vir die egtheid van sy getuienis in sy eie besondere situasie."

Die belydenis vervolg: „In elke tyd en op elke plek is daar besondere probleme en krisisse wat die kerk tot aksie oproep." Dan word die belangrikste en dringendste vraagstukke van die teenswoordige Amerikaanse samelewing genoem. Die eerste wat genoem word, is diskriminasie. „Die kerk as die gemeenskap van die versoening word opgeroep om alle mense daartoe te bring om mekaar aan te neem as persone wat die lewe op elke vlak met mekaar deel in arbeid en spel, hofmakery, huwelik en familie, kerk en staat. Gemeentes, individue en groepe Christene wat hulle medemenslike uitsluit, oorheers of neerbuigend behandel, hoe subtiel ook al, weerstaan die Gees van God en verwerp die geloof wat hulle bely." Tweedens word die stryd tussen die volkere genoem. „Die kerk is geroepe om die vergewing van vyande in sy eie lewe te beoefen, en om as praktiese politiek vir die volk aan te beveel dat daar na samewerking en vrede gestreef sal word."

„Wanneer die kerk toelaat dat een besondere nasionale owerheid of 'n enkele lewensbeskouing met die saak van God vereenselwig word, dan verloën hy Christus die Here en verrai sy roeping". Derdens noem die belydenis armoede. „Die kerk kan armoede nie goedkeur nie, of dit nou aan 'n onregverdige maatskaplike struktuur toegeskryf moet word, aan uitbuiting van weerlose mense, aan gebrek aan nasionale middele, aan die afwesigheid van tegnologiese kennis, of aan 'n snelle bevolkingsaanwas." „'n Kerk wat onverskillig staan teenoor armoede, of wat sy verantwoordelikheid in ekonomiese

aangeleenthede ontken, of wat alleen oopstaan vir een sosiale groep, of wat dankbaarheid vir sy barmhartigheid verwag, maak 'n bespotting van die versoening en sy diens is nie vir God aanneemlik nie."

Die derde hoofafdeling van die belydenis dra die opskrif „Die Verwesening van Versoening." „God se versoeningwerk in Jesus Christus omvat die hele lewe van die mens, maatskaplik en kultureel, ekonomies en politiek, persoonlik en individueel."

### DIE BETEKENIS VAN DIE AMERIKAANSE BELYDENIS

Dit is dadelik by die lees van die belydenis duidelik dat die tradisionele leerstellings wat reeds in vroeëre belydenisse behandel is, veronderstel word. Dus maak die belydenis geen melding van die Drie-eenheidsleer of maagdelike geboorte nie. Die belydenis konstateer in 'n moderne woordeskat wat versoening in die daaglikse lewe van die twintigste eeu beteken. Die leser word gekonfronteer met hedendaagse probleme — die rasseprobleem, armoede, internasionale stryde, ekonomiese vraagstukke — en word daarop gewys dat hierdie dinge op die gebied van Christelike diens en getuienis lê.

Die belydenis word ook gekenmerk deur die afwesigheid van Bybelse aanhalings. Die belydenis skep eerder die indruk dat dit die hele Bybel as grondslag neem, nie net 'n paar proeftekste nie. Die Bybel word nie as 'n versameling tekste beskou nie, maar as 'n geheel, en as so 'n geheel die getuie van die Woord van God.

Voordat die „Confession of 1967" deur die „Presbyterian Church in the U.S.A." aangeneem kan word, moet dit eers gestuur word na die 193 „Presbyteries" of sinodes vir hulle goedkeuring. Die volgende twee algemene vergaderings van die kerk moet elk ook met minstens 'n twee-derde meerderheid van stemme goedkeuring verleen aan die belydenis. Of aan die belydenis veel verander sal word, kan ons nie sê nie. Een ding is egter duidelik: die Amerikaanse Presbiteriaanse kerk se getuienis sal sterker wees, en dit sal betrekking hê op die samelewing waarin die kerk hom nou bevind.

(Vervolg op bladsy 12)

## 'n Belydenis vir ons eie Tyd

(Vervolg van bladsy 11)

### 'N SUID-AFRIKAANSE BELYDENIS?

Suid-Afrika en Amerika bevind hulle in 'n baie soortgelyke posisie. Albei is betreklik nuwe lande. Die vestiging van die Westerse beskawing en die kerk het in albei na die Reformasie plaasgevind. Albei lande onderskryf belydenisse wat deur ander kerke, in ander lande en in ander tydperke opgestel is.

Die Presbiteriaanse kerk in Suid-Afrika, byvoorbeeld, onderskryf die Westminster Konfessie. Hierdie belydenis het tevoorskyn gekom in 'n tydperk van skolastiese teologie, van besorgdheid oor outoriteit en politieke absolutisme. Maar die tydperk van klassieke en Christelike kultuur waarin die outeurs tuis was, is nou vinnig besig om verby te gaan, ook in Suid-Afrika. Die Afrikaanssprekende kerke kan ook as voorbeeld dien. Hulle bely die Nederlandse Geloofsbelijdenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Hierdie stukke is onderskeidelik in 1561, 1563 en 1619 opgestel. Terwyl al drie stukke doeltreffend was, en nog steeds waardevol is, kan hulle nie meer doeltreffend tot ons moderne probleme spreek nie. Ander kerke in Suid-Afrika bevind hulle in soortgelyke posisies.

Terwyl van Suid-Afrika se probleme met dié van Amerika vergelyk kan word, is daar ander wat eie aan Suid-Afrika is. Gelowiges in Suid-Afrika weet nie altyd hoe hulle Christelike geloof in die alledaagse lewe toegepas moet word nie. As die kerke in Suid-Afrika 'n belydenis opstel, met ons eie probleme in die oog, en weer opnuut die Bybelse waarhede in ons eie idioom uitdruk, sal dit baie daartoe bydra om ons maatskaplike en nasionale lewe weer op 'n ware Christelike vlak te plaas. Suid-Afrikaanse kerke, onderhewig aan die norme van 'n belydenis opgestel in die Suid-Afrikaanse situasie, sal ware belydende kerke kan wees, kerke wat God se geregtig-

heid en waarheid in alle lewensverhoudinge en op alle lewens-terreine sal bely.

Suid-Afrika het 'n groot behoefte daaraan om die waarheid van Gods Woord te hoor soos dit bely wil word met betrekking tot ons rasseprobleem, ons ekonomiese stelsel, ons salarisse en toelae,

ons werksure, ons eerlikheid in besigheid, ons kultuur, ens. Ons moet weereens hoor wat Christelike vergifnis, nederigheid, samewerking, broederliefde en die samelewing van mense in ons eie gemeenskap beteken. 'n Eie Suid-Afrikaanse belydenis kan baie daartoe help.

# LETTERS / BRIEWE

## WIL GESPREK VOORTSIT

Ds. N. van Loggerenberg, Posbus 346,  
Benoni.

Ek het met waardering kennis geneem van die feit dat die redaksie nou die oënskynlik inperking van die ope gesprek in 'n voetnoot, na aanleiding van mnr. Van Staden se skrywe in die November-uitgawe, weer reggestel het en ek bied graag die volgende aan:

Ek was en is steeds werklik begerig om die Christelike gesprek met mnr. Naudé voort te sit, mits die redaksie my dit toelaat en 'n billike geleentheid bied, maar dan moet dit 'n tweespraak bly. Dit sou billik wees teenoor Pro Veritate en myself, want dit is onmoontlik om aan drie gespreksfronte, mnr. Naudé, die redaksie en ds. Kuiper, gelyktydig te spreek. Ek is bereid om dit skriftelik of per openbare optrede te doen, mits die voorwaardes billik en in belang van die WAARHEID is. Dit kan ek egter nie van mnr. Naudé se twee artikels, die „voorlopige” redaksionele opmerkings en ds. Kuiper se skrywe sê nie. Ek vra dus 'n geleentheid om op die omstrede opmerkinge van die redaksie en die willekeurige en uiters onoortuigende twee artikels van mnr. Naudé of per openbare debat of deur middel van Pro Veritate te mag antwoord.

Ek wil ds. Kuiper egter verseker dat ek sy beoordeling van my artikel hoegenaamd nie vrees nie. My weergawe van mnr. Naudé se oorspronklike artikel kan maar op waarheidsgrondslag deur enige deskundige getoets word. Ek ontken dat ek liefdeloos, sonder enige „Christelike barmhartigheid” die persoon van mnr. Naudé aangeval of hom enige dinge in die mond gelê het. My gesprek met en versoek aan 'n lid van die redaksie loënstaf hierdie „Christelike barmhartigheid” van ds. Kuiper en ek verwerp sy wetenskaplike onbeholpenheid om my suiwer en beknopte weergawe van mnr. Naudé se oorspronklike artikel as 'n „karikatuur” te bestempel. Selfs die skrywer van die oorspronklike artikel het nie eers so geoordeel nie. Voorts verwerp ek ook sy inlêkunde om te beweer dat ek „absolute gehoorsaamheid aan kerklike vergaderinge” sou bepleit. Ek versoek hom vriendelik om hierdie stelling gemotiveerd op te helder en ek verseker hom dat my kennis van die

Skrifgenormeerde kerkreg sy oppervlakige inlêkunde nie vrees nie.

(Enigsins verkort. Enige bydrae van ds. Van Loggerenberg wat geskik is vir publikasie, sal ons graag in PRO VERITATE opneem. — Redaksie).

## LET WEL

**Die Redaksie van Pro Veritate verklaar dat hy nie verantwoordelik is vir menings en standpunte wat in enige ander artikel van hierdie blad verskyn as die inleidingsartikels en redaksionele verklarings nie.**

## PRO VERITATE

Verskyn elke 15de van die maand.  
**Korrespondensie en Administrasie:**

Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:  
Posbus 487, Johannesburg.

### Redaksionele Bestuur:

Ds. A. W. Habelgaarn,  
Ds. E. E. Mahabane,  
Ds. A. L. Mncube,  
Ds. J. E. Moulder,  
Mnr. J. Oglethorpe,  
Ds. R. Orr,  
Prof. dr. A. van Selms.

### Assistent-redakteur:

Dr. B. Engelbrecht,

### Redakteur:

Ds. C. F. B. Naudé.

### Intekengeld:

Republiek van Suid-Afrika, S.W.A., die Rhodesië en Protektorate:  
R1 per jaar vooruitbetaalbaar.  
Oorsee: R1.50 per jaar vooruitbetaalbaar.

Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan „Pro Veritate” (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.  
Gedruk deur Prompt Drukkers Maatskappy (Edms.) Bpk., Harrisstraat 11, Westgate, Johannesburg.

# DR. J. D. VORSTER AND THE CHRISTIAN INSTITUTE

In our previous edition we published a request to Dr. Vorster to answer for his statement that the Church has unmasked the Christian Institute as a front organisation for the enemies of "our policy". This request was also published in *Die Burger* in the form of a letter. This was followed by a correspondence (with Dr. Vorster) in the columns of *Die Burger*. We wish to mention in deep appreciation the fact that *Die Burger* allowed so much space for this correspondence. The letter which dealt with this matter and which appeared in *Die Burger*, is published here in English.

On the 10th December, 1965 Dr. Vorster replied to our request, as follows:

"Mr. Naudé presented me with the challenge of replying or forever holding my peace, so I am compelled to react to his letter. I do this reluctantly, because a person does not attack a man already floored, but I cannot be so impolite as to refuse to comply with his request.

Allow me to say right at the start that if Mr. Naudé, in his comment that "front organisation" reminds him of Communism, thinks he can land me in a trap, he should think again. Let us get our point of argument clear. I spoke about the Institute as a "front organisation of the enemies of our policy". If I meant anything else I would have said it. I only made this clear statement. I did not even mean that it is a front organisation of any importance. Indeed, we know that the front failed so completely that even some of his friends said that they had never before received such a set-back as precisely through his conduct. And this is one truth from the circle of PRO VERITATE. A person can also understand this when you analyse the questions to which I have to reply.

## UNMASKED

When and where did the DRC unmask the Institute as a front organisation of a political, extra-church, or non-church movement or ideology, is asked. Naturally I never made such a statement, nor did the Church unmask the Institute as a front organisation of a political party, and this because of the plain fact that no political party of status would be so foolish and bankrupt to expect anything from such allies. The Church did, however, unmask the Institute etc. as a "front organisation of the enemies of our policy." This I contended and this was done so thoroughly by the "Breë Moderatuur", the Synodical Commission of the Synod of Southern Transvaal, a number of "Ringe" and Church Circuits, that not only could Mr. Naudé muster no support in the Synod of which he was Moderator, but his few followers one after the other, also left him. Never before have the views of a person who held such high status, been so completely rejected as was the case with him. Or can Mr. Naudé name one church body or any church leader who supports him or who still

stands with him? He is so alone, a person feels sorry for him.

The Church did all this, to give but a few reasons, on the grounds that

- (a) the founding of the Institute and its actions "must lead to an opposition to the racial and ecumenical views of the church", and
